

Wie is die man van Romeine 7?



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 7

Geheeteks:

“Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.” (*Rom. 7:6*)

Min hoofstukke in die Bybel het al meer polemieks veroorsaak as Romeine 7. Wat die betrokke strydvrae betref, sê The SDA Bible Commentary: “Die betekenis van [*Romeine 7:14–25*] was een van die vraagstukke in die hele sendbrief wat die meeste bespreek was. Die hoofvraag was of die beskrywing van so ‘n intense morele stryd outobiografies kon wees, en, indien so, of die gedeelte na Paulus se ondervinding voor of na sy bekering, sou verwys? Dat Paulus van sy eie persoonlike stryd met sonde praat, skemer deur uit die eenvoudigste betekenis van sy woorde (cf. [*Romeine 7:7–11*]; . . .). [Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 26; Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 3, bl. 475.] Dit is sekerlik ook waar dat hy ‘n stryd beskryf wat meer of minder deur elke siel ondervind word wat voor die geestelike vereistes van God se heilige wet te staan kom, en daardeur gekonfronteer word.” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 553, (vrye vertaling). Bybelstudente verskil van mekaar of Romeine 7 Paulus se ondervinding voor of na sy bekering beskryf. Watter standpunt ook al ingeneem word, wat belangrik is, is dat Jesus se geregtigheid ons dek en dat ons deur Sy geregtigheid volmaak voor God staan wat belowe om ons te heilig, om aan ons oorwinning oor sonde te gee om “gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun” (*Rom. 8:29*). Hierdie is die belangrikste feite vir ons om te weet en te ondervind terwyl ons poog om “die ewige evangelie” aan “alle nasies, en stamme en tale en volke” te verkondig (*Openb. 14:6*).

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 November.

Dood, ten opsigte van die wet

Lees Romeine 7:1–6. Watter illustrasie gebruik Paulus hier om aan sy lesers hulle verhouding met die wet te toon, en wat is sy doel met hierdie illustrasie?

Paulus se illustrasie in Romeine 7:1–6 is nogal ingewikkeld, maar deur die Skrifgedeelte versigtig te analiseer, sal dit ons help om sy argument te volg. Regdeur die brief was Paulus besig met die sisteem van aanbidding wat by Sinai tot stand gebring was; dit is wat hy dikwels met die woord wet bedoel. Die Jode het dit moeilik gevind om die feit te begryp dat hierdie sisteem wat God aan hulle gegee het, tot ‘n einde sou kom met die koms van die Messias. Dit is waarmee Paulus besig was – met Joodse gelowiges wat nog steeds nie gereed was om van dit wat so ‘n belangrike rol in hulle lewe gespeel het, van af te sien nie. Kortliks is Paulus se illustrasie soos volg: ‘n vrou is getroud met ‘n man. Die wet verbind haar aan hom so lank as wat hy leef. Gedurende sy leeftyd kan sy nie met ander mans omgaan nie. Maar wanneer hy sterf, is sy vry van die wet wat haar aan hom verbind het (*Rom. 7:3*).

Hoe pas Paulus die illustrasie van die wet en die huwelik op die Joodse sisteem toe?
Rom. 7:4, 5

Soos die dood van haar man die vrou vrymaak van die wet wat haar aan haar man verbind, so maak die afsterwe van die ou lewe in die vlees, deur Jesus Christus, die Jode vry van die wet wat van hulle verwag was om te onderhou totdat die Messias die tipes sou vervul het. Nou was die Jode vry om weer te “trou”. Hulle was genooi om met die verrese Messias te trou en sodoende vrugte te dra tot God. Hierdie illustrasie was nog ‘n middel wat Paulus gebruik het om die Jode te oortuig dat hulle nou vry was om die antieke sisteem te laat vaar. Weereens, deur alles wat Paulus en die Bybel sê oor gehoorsaamheid aan die Tien Gebooe, maak dit nie sin om hier te beweer dat Paulus aan hierdie Joodse gelowiges vertel het dat die Tien Gebooe nie meer bindend was nie. Diegene wat hierdie teksverse gebruik om hulle punt tuis te bring – dat die morele wet afgeskaf was – wil in elk geval nie eintlik daardie punt maak nie; wat hulle eintlik wil sê, is dat net die sewende dag, die Sabbat, afgeskaf was, nie die res van die wet nie. Om Romeine 7:4, 5 te interpreteer dat die vierde gebod afgeskaf of vervang was met Sondag, is om dit ‘n betekenis te gee wat die woorde nooit gehad het nie.

Sonde en die wet

Indien Paulus oor die hele sisteem van wette wat by Sinai gegee was, praat, wat dan van Romeine 7:7 waar hy spesifiek een van die Tien Gebooie noem? Weerlê dit dan nie gister se stelling dat Paulus nie oor die afskaffing van die Tien Gebooie gepraat het nie? Die antwoord is “nee”. Ons moet weer in gedagte hou dat die woord wet vir Paulus die hele sisteem wat by Sinai ingestel was, ingesluit het, en wat die sedewet ingesluit het maar nie daardeur beperk was nie. Daarom kon Paulus daaruit aanhaal en ook uit enige ander gedeelte van die hele Joodse sisteem, om sy punt tuis te bring. Maar, toe die sisteem met die dood van Christus verdwyn het, het dit nie die sedewet ingesluit wat alreeds voor Sinai bestaan het nie, en wat nog steeds ná Gólgota bestaan.

Lees Romeine 7:8–11. Wat sê Paulus hier oor die verwantskap tussen die wet en sonde?

God het Homself aan die Jode geopenbaar toe Hy breedvoerig aan hulle gesê het wat reg en verkeerd is wat morele, siviele, seremoniële en gesondheidsaangeleenthede betref. Hy het ook die strawwe vir oortreding van die verskeie wette verduidelik. Oortreding van die geopenbaarde wil van God word hier as sonde gedefinieer. Aldus verduidelik Paulus dat hy nie sou geweet het dat dit sonde is om te begeer sonder dat die “wet” dit aan hom bekend gemaak het nie. Sonde is die skending van die geopenbaarde wil van God en waar die geopenbaarde wil onbekend is, is daar geen bewustheid van sonde nie. Wanneer daardie geopenbaarde wil aan ‘n persoon bekend gemaak word, word hy of sy daarvan bewus dat hy of sy ‘n sondaar is en onder veroordeling is wat lei tot die dood. In hierdie sin, sterf die persoon. In Paulus se argument hier en regdeur hierdie gedeelte probeer hy om ‘n brug te bou om die Jode – wat die “wet” vereer – Christus as die vervulling van die wet te laat sien. Hy wys dat die wet nodig was, maar dat sy funksie beperk was. Die wet was bedoel om die behoefte vir verlossing aan te dui; dit was nooit bedoel dat verlossing daardeur verdien moet word nie. “Terwyl die apostel Paulus van sy ondervinding vertel, noem hy ‘n belangrike waarheid oor wat tydens bekering gebeur. Hy sê, ‘En sonder die wet het ek vroeër gelewe’ — hy het geen veroordeling gevoel nie; ‘maar toe die gebod kom’, toe die wet van God hom aangekla het, ‘het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe’. Toe het hy homself as ‘n sondaar gesien wat deur die Goddelike wet veroordeel was. Let op, dit was Paulus, en nie die wet, wat gesterf het nie.’ — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1076, (vrye vertaling).

Op watter manier het jy “gesterf” toe jy die wet aanskou het? Hoe kan jy in hierdie konteks verstaan wat Jesus vir jou gedoen het om ‘n nuwe lewe in Hom aan jou te gee?

Die wet is heilig

Lees Romeine 7:12. Hoe verstaan ons hierdie teksvers in die konteks van wat Paulus reeds bespreek het?

Omdat die Jode die wet hooggeag het, het Paulus dit opgehef waar hy ook al kon. Die wet is goed vir wat dit doen, maar dit kan nie doen wat dit nie bedoel was om te doen nie, naamlik om ons te red van sonde. Daarvoor het ons Jesus nodig, want die wet – of dit die hele Joodse sisteem of die sedewet spesifiek is – kan nie verlossing bewerkstellig nie. Net Jesus en Sy geregtigheid wat deur geloof na ons toe kom, kan ons red.

Wie blameer Paulus vir sy toestand van die “dood”, en wat spreek hy vry? Hoekom is hierdie onderskeid belangrik? Rom. 7:13

In Romeine 7:13 stel Paulus die “wet” op die bes moontlike manier voor. Hy kies om sonde te blameer vir sy verskriklike sondige toestand, nie die wet nie; d.w.s., die sonde het “in my allerhande begeerlikheid gewerk” (Rom. 7:8). Die wet is goed, want dit is God se standaard van gedrag, maar as sondaar staan Paulus as veroordeelde voor die wet.

Hoekom was sonde so suksesvol om Paulus as ‘n verskriklike sondaar te ontmasker? Rom. 7:14, 15

Wêreldsgesindheid verwys na vleeslikheid. Dus het Paulus Jesus Christus nodig gehad. Net Jesus Christus kon die veroordeling wegneem (Rom. 8:1). Net Jesus Christus kon hom vrystel van die slawery van sonde. Paulus beskryf homself as “verkoop onder die sonde”. Hy is ‘n slaaf van die sonde. Hy het geen vryheid nie. Hy kan nie doen wat hy wil doen nie. Hy probeer om te doen wat die goeie wet sê hy moet doen, maar die sonde wil hom nie toelaat nie. Deur hierdie illustrasie het Paulus probeer om aan die Jode te toon dat wat hulle nodig het, net die Messias kan voorsien. Hy het alreeds getoon dat oorwinning net onder genade moontlik is (Rom 6:14). Hierdie selfde gedagte word weer in Romeine 7 beklemtoon. Om onder die “wet” te leef, beteken om ‘n slaaf van sonde, ‘n genadelose baas, te wees.

Wat was jou eie ondervinding met hoe verslawend sonde is? Het jy al ooit probeer om met sonde te speel met die gedagte dat jy dit kan beheer soos jy wil, net om uit te vind jy dien ‘n kwaai en genadelose werkgewer? Dit is die werklikheid! Hoekom moet jy dan aan Jesus oorgee en daaglik die eie-ek afsterf?

Die man van Romeine 7

“En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon” (Rom. 7:16, 17). Watter stryd word hier aangedui?

Deur die wet as ‘n spieël te gebruik, oortuig die Heilige Gees ‘n persoon dat hy of sy God mishaaig deur nie die vereistes van die wet na te kom nie. Deur te probeer om daardie vereistes na te kom, toon die sondaar dat hy of sy saamstem dat die wet goed is.

Watter kwessies wat Paulus alreeds gemaak het, het hy herhaal om dit te beklemtoon?
Rom. 7:18–20

Om ‘n persoon te beïndruk dat hy of sy Christus nodig het, lei die Heilige Gees die persoon dikwels deur ‘n “ou verbondondervinding”. Ellen G. White beskryf Israel se ondervinding as volg: “Die volk het nie besef hoe sondig hulle eie harte was en dat dit sonder Christus vir hulle onmoontlik was om Gods wet te hou nie; daarom het hulle nie geaarsel om met God ‘n verbond te sluit nie. Onder die wanindruk dat hulle self in staat was om geregtigheid te handhaaf, het hulle bevestig: ‘Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister’ (*Eksodus 24:7*). . . . Nogtans het daar net ‘n paar weke verbygegaan voordat hulle hulle verbond met God verbreek en neergebuig het om ‘n gesnede beeld te aanbid. Hulle kon geen heil van God verwag deur middel van ‘n verbond wat hulle verbreek het nie; en noudat hulle hul sondigheid en hulle behoefte aan vergifnis besef het, het hulle gevoel dat hulle behoefte het aan die Verlosser wat in die verbond met Abraham geopenbaar en in die sondoffers voorafgeskadu is.” — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 371-372. Deur te faal om hulle daaglik aan Christus toe te wy, dien baie Christene ongelukkig die sonde, al haat hulle dit om te erken dat dit die geval is. Hulle redeneer dat, in werklikheid, hulle net die normale heiligmakingsproses ondervind en dat hulle doodeenvoudig nog ‘n lang pad het om te loop. Dus, in plaas daarvan om hulle sondes na Christus te neem en Hom vir oorwinning te vra, beroep hulle hulself op Romeine 7 wat, soos hulle dink, sê dat dit onmoontlik is om die regte ding te doen. Hierdie hoofstuk sê egter dat dit onmoontlik is om reg te doen wanneer ‘n persoon verslaaf is aan die sonde, maar oorwinning deur Jesus is moontlik.

**Ondervind jy die oorwinnings oor self en sonde wat Christus aan ons belowe?
Indien nie, hoekom nie? Watter verkeerde keuses maak jy en net jy alleen?**

Verlos van hierdie dood

Lees Romeine 7:21–23. Hoe het jy hierdie stryd in jou eie lewe al ondervind, ook as ‘n Christen?

In hierdie Skrifgedeelte vergelyk Paulus die wet in sy liggaam met die wet van sonde. . . . “met die vlees,” sê Paulus, dien hy “die wet van die sonde” (*Rom. 7:26*). Maar deur sonde en die wet van sonde te gehoorsaam, lei dit na die dood (*sien Romeine 7:10, 11, 13*). Daarom kan sy liggaam — wat aan die sonde gehoorsaam is — paslik beskryf word as “die liggaam van hierdie dood”. Die wet van die gemoed is God se wet, God se openbaring van Sy wil. Onder die oortuiging van die Heilige Gees het Paulus toegestem tot God se wet. Sy gemoed het ingestem om dit te onderhou, maar toe hy probeer het om dit te onderhou, kon hy nie, want sy liggaam wou sondig. Wie het nog nie dieselfde stryd deurgemaak nie? In jou gemoed weet jy wat om te doen, maar jou vlees skreeu vir iets anders.

Hoe kan ons gered word uit hierdie moeilike situasie waarin ons ons bevind? *Rom. 7:24, 25*

Sommige het gewonder hoekom, na so ‘n glorieryke klimaks van “Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!”, Paulus weer ‘n keer na die sielestryd verwys waarvan hy blykbaar verlos was. Sommige verstaan die dankbetuiging as ‘n uitroep wat vanselfsprekend op die vraag, “Wie sal my verlos?”, gevolg het. Hulle beweer dat voor Paulus se breedvoerige bespreking in Romeine 8 van die glorieryke verlossing, hy opsom wat hy in die voorafgaande verse gesê het en weereens die konflik met die magte van sonde erken.

Andere stel voor dat met “ek self” Paulus bedoel dat Christus nie in aanmerking geneem word nie. Maar, hoe Romeine 7:24, 25 ook al verstaan word, een ding is seker: as ons aan onself oorgelaat word, sonder Christus, is ons hulpeloos teen die sonde. Met Christus het ons ‘n nuwe lewe in Hom wat – alhoewel die self in ons gereeld na vore sal tree – die beloftes van oorwinning ons s’n sal maak wanneer ons kies om dit vir onself toe te eien. Net soos niemand vir jou kan asemhaal nie of vir jou kan hoes of nies nie, kan niemand namens jou kies om aan Christus oor te gee nie. Net jy alleen kan daardie keuse maak. Daar is geen ander manier om die oorwinnings wat in Jesus aan ons belowe word, te bekom nie.

Vir verdere studie:

“Daar is geen veiligheid of rus of regverdiging in die oortreding van die wet nie. Die mens kan nie hoop om onskuldig voor God te staan en om vrede in Hom te ondervind deur die verdienste van Christus terwyl hy aanhou om te sondig nie.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 213, (vrye vertaling). “Paulus begeer dat sy medegelowiges sal insien dat die groot heerlikheid van ‘n Verlosser wat sonde vergewe die hele Joodse sisteem belangrik gemaak het. Hy wou ook graag hê dat hulle sou insien dat toe Christus na hierdie wêreld gekom het en as sondoffer vir die mens gesterf het, tipe deur antitipe vervang was. “Nadat Christus aan die kruis gesterf het as sondoffer, het die seremoniële wet sy krag verloor. Tog was dit met die sedewet verbind, en heerlik! Alles het van die Goddelikheid, heiligheid, regverdigheid en geregtigheid van God getuig. En as die bediening van die verbygaande bedeling heerlik was, hoeveel te meer sou die werklikheid glorieryk wees toe Christus geopenbaar was deur Sy lewegewende, heiligmakende Gees aan almal wat glo.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1095, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. “In Rom. 7:25 skryf die Apostel: ‘So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.’ Hierdie is die duidelikste gedeelte van almal, en daaruit leer ons dat ‘n (gelowige) persoon tegelykertyd die Wet van God en die Wet van sonde, dien. Hy is tegelykertyd regverdig en tog ‘n sondaar (simul iustus est et peccat); want hy sê nie: ‘My gemoed dien die Wet van God nie’; ook nie: ‘My vlees dien die Wet van sonde nie’; maar hy sê: ‘ek self’, d.i., die mens in geheel, een en dieselfde persoon, is betrokke in hierdie dubbele diensbaarheid. Daarom dank hy God dat hy die Wet van God dien en hy vra vir genade omdat hy ook die Wet van sonde dien. Maar, niemand kan sê dat ‘n wêreldse (onbekeerde) persoon die Wet van God dien nie. Die Apostel bedoel om te sê: Dis net soos ek voorheen gesê het: Die geheiligdes (gelowiges) is terselfdertyd sondaars terwyl hulle ook regverdig is. Hulle is regverdig, want hulle glo in Christus wie se regverdigheid hulle dek en aan hulle toegereken word. Maar hulle is sondaars omdat hulle nie die Wet kan hou nie en nog sondige neigings het. Hulle is baie siek, maar hoop om beter te word, en is besig om gesond gemaak te word. Sulke pasiënte sal groot skade ly deur trots daarop te roem dat hulle gesond is, want hulle sal ‘n terugslag ondergaan wat erger as die vorige siektetoestand sal wees (as wat hulle eerste siekte was).’ — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 114-115, (vrye vertaling). Kan ons met Luther hier saamstem of nie? Gee redes vir jou antwoorde in die klas.

